



Die Bybel: 'n Direkte Vertaling

NUUSBRIEF 30

12 April 2019

Geagte broer en suster in die Here

Dit is weer tyd om u in te lig oor die vordering met *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling*.

Sedert die vorige Nuusbrieff van November 2018, is daar steeds in fase 4 hard gewerk aan die konsekwentheid van die vertaling in die Ou Testament, Nuwe Testament en die Deuterokanonieke boeke. Hoewel daar aanvanklik beplan is om vanjaar slegs oor die internet met behulp van Zoomgesprekke te vergader, het die omvang van sake waaraan nog aandag gegee moes word, tog daartoe gelei dat daar van 25-30 Januarie 2019 weer 'n volle sessie van die Redaksionele Komitee Ou Testament (fase 4) te Le Chateau plaasgevind het. Dit is opgevolg deur 'n Zoomgesprek van 4RKOT op 8 Maart 2019 wat gedeeltelik deur beurtkrag ontwig is. Daarna is beplan om die gesprek op 19 Maart voort te sit, maar weens fase 4 beurtkrag moes dit gekanselleer word. Dit is uitgestel tot 26 April 2019, maar in die lig van die voortdurende onsekerheid oor beurtkrag is daar besluit om lievers weer 'n daglange vergadering van die 4RKOT op 1 Mei 2019 te Le Chateau te hou. Die meerderheid van die lede moet in elk geval op 2 Mei daar wees vir die laaste vergadering van die Begeleidingskomitee. Intussen kon oorblywende sake van die Nuwe Testament en Deuterokanonieke boeke wel deur die ander Redaksionele Komitees in Zoomgesprekke afgehandel word.

U word weer daaraan herinner dat die tekste wat aan die einde van fase 3 op die webblad verskyn, nie die finale teks is nie. Daar is egter ongelukkig 'n agterstand wat die plasing van tekste op die webblad betref. Dit hang daarmee saam dat die afdeling wat daarvoor verantwoordelik is, sulke take vir verskeie projekte moet afhandel, en nie net vir die Afrikaanse vertaling nie.

posbus 5500
tygervallei 7536 suid-afrika
hoofkantoor
edwardstraat 134 bellville
uitvoerende hoof
ds dt gevers

biblia@biblesociety.co.za
t +27 (0)21 910 8777
f +27 (0)21 910 8799
www.bybelgenootskap.co.za
www.biblesociety.co.za

p o box 5500
tyger valley 7536 south africa
head office
134 edward street bellville
chief executive officer
rev dt gevers

Intussen is aan die *Werkkomitee: Hoofletters in die Ou Testament* weer die finale gekonsolideerde lys van tekste voorgelê, waarmee almal hulle instemming betuig het.

Die laaste vergadering van die Begeleidingskomitee (as beleidskomitee) is beplan vir **2 Mei 2019**. By daardie geleentheid sal deur die Redaksionele Komitees verslag gelewer word oor sake soos die gebruik van leenwoorde. Dit is dan ook die geleentheid waar die vertaling aan die Begeleidingskomitee vir goedkeuring voorgelê sal word.

Soos reeds voorheen vermeld, het die Bybelgenootskap besluit dat die vertaalspan die vertaling op **1 Julie 2019** finaal moet afteken en aan die Bybelgenootskap moet oorhandig vir verdere kontroles, die uitleg van die teks en die drukproses.

Ons deel ook graag mee dat daar maandeliks vanaf Maart tot en met Oktober 2019 op die eerste Maandagoggend van elke maand van 09:00 tot 11:00 'n onderhoud van Wanda Bam met een van die lede van die Redaksionele Komitees in haar program *Leef*, op *Kaapse Kansel* en *Radio Kansel* uitgesaai word. U kan gerus probeer luister en dit ook wyer bekendmaak. *Radio Kansel* saai uit op 657 AM, *Radio Kaapse Kansel* op 729 AM asook op DSTV kanaal 882. Dit kan ook wêreldwyd op www.radiopulpit.co.za en www.capepulpit.co.za gevolg word.

Die bekendstelling van die vertaling word steeds beplan vir Sondag **29 November 2020** in Bloemfontein. Aangesien die Bybelgenootskap 200 jaar van werksaamheid in Suid-Afrika in 2020 gaan vier, word ook in die vooruitsig gestel om 2020 (in samewerking met die kerke) as *Die Jaar van die Bybel* te vier.

Graag doen ons weer 'n beroep op u om hierdie vertaling op alle moontlike wyses onder u kerklike publiek se aandag te bring. Dit is vreemd om nou nog kerkmense raak te loop wat beweer dat hulle nie van die projek weet nie, ten spyte van al die bemarking en publisiteit deur die Bybelgenootskap in die loop van jare.


Dit is na alle waarskynlikheid die laaste Nuusbrief, aangesien daar hierna nie eintlik verdere nuus van die vertaalspan se kant af kan kom nie.

Graag wil ons weer namens die projek ons opregte dank betuig teenoor ds. Dirk Gevers (Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap), mev. Mims Turley (Hoof: Kommunikasie en Bemarking tot einde Maart 2019), dr. Masenyani Baloyi (Hoof: Vertaling) saam met mevv. Norinda van der Westhuysen

(Administratiewe Beampte); Nicolene van der Walt (Administratiewe Assistent); Marietjie Marais (Projekbeampte); Me. Talitha Huysamer (Bestuurder: Produktontwikkeling); mnr. Martin Cronjé (Grafiese/digitale ontwerper) asook mnr. Jaco Gunter (*Paratext*-steun). Prof. Sakkie Cornelius (US) se hulp in verband met kaarte, word ook met groot dank erken. Verder betuig ons ook graag ons dank teenoor alle kollegas in die vertaalspanne, maar veral in hierdie laaste fase van die proses, die lede van die Redaksionele Komitees en die Begeleidingskomitee.

Boweal gaan ons dank en erkentlikheid aan die Here vir die genade om met hierdie taak vertrou te word, sy seën en leiding aan ons, en aan u almal vir u volhardende voorbidding, waarsonder die taak nie voltooi kan word nie.

Vriendelike groete

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'Bernard Combrink', written over a horizontal line.

Bernard Combrink

Projekleier

Die Bybel: 'n Direkte Vertaling